

8 Oktober 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 35

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad



Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)

## VOORBLAD

### Dankbaar in voorspoed én teëspoed

Die verskynsel dat die kaptein of afrigter van 'n sportspan voor 'n wedstryd bid en dan vra dat die Here die beste span – lees hier *biddende* span – moet laat wen, laat soms vrae ontstaan.

Nog 'n verskynsel wat toenemend op die sportveld gesien word, is dat sportmense en -vroue wat presteer 'n wysvinger in die lug steek of 'n kruisbeweging oor die hart maak. Daar is ook die groot internasionale slot wat met elke wedstryd eers kniel en bid voordat hy op die veld hardloop. 'n Ander speler dra weer 'n wit band waarop "Fil 4:13" staan op sy boarm.

In 'n wêreld waar mense toenemend van die Christelike geloof wegstrem en nie bereid is om in die openbaar hul geloof te bely nie, raak 'n mens opgewonde oor sportsterre wat nog bereid is om te erken van wie hulle glo hul talent om sport te beoefen kom.

Maar voor ons verder oor die gebed voor die wedstryd praat, laat ons eers besin oor sport as 'n wyse waarop geloof uitgeleef kan word. Die Bybel leer ons dat ons in ons volle menswees tot eer van God moet leef. Dit sluit alles in die lewe in, byvoorbeeld arbeid, huwelik, ander verhoudings en stokperdjies. Sport kan ook 'n manier wees waarop uitdrukking gegee kan word aan die vreugde en dankbaarheid in die hart van die mens. Dit is dus verstaanbaar dat sommige Christelike sportsterre hul prestasies in die openbaar aan God kan opdra en Hom die eer daarvoor gee.

Maar so 'n Christelike sportman se algemene gedrag en optrede (ook in sy alledaagse lewe weg van die sportveld) moet in lyn wees met wat hy op die sportveld bely. Christelike sportsterre is dikwels rolmodelle vir ons kinders en moet dus buitengewoon verantwoordelik optree wanneer hulle in die openbaar hul geloof bely. Hulle is nie net ambassadeurs van 'n land of span nie, maar eerstens ambassadeurs van God.

Die doel van sport is tog dat een span beter as die ander span sal presteer en uiteindelik met die louere sal wegstap. Of ek wen of verloor, as ek dit kan doen tot eer van God wat my die talent gegee het, dan doen ek dit met 'n lied van dankbaarheid teenoor God. *Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar 'n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie (Pred 7:14).*

As kerk kan ons vir God nooit genoeg dankie sê nie vir die feit dat daar sportsterre is wat bereid is om hul geloof in Hom in die openbaar te bely.

*Hemelse Vader, dankie dat ons vandag in afhanklikheid teenoor U op die sportveld kan gaan. Dankie dat ons U nou ook kan dank omdat ons u kinders is en U vir ons talente gee om sport te beoefen. Wees asseblief met elke speler op die veld. Bewaar ons as dit u wil is teen beserings maar in besonder daarteen dat ons onself hoër as U sal ag. Dankie dat ek nou ook op hierdie manier u Naam kan grootmaak. Amen.*

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
Die Hervormer [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
e-Hervormer [www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)  
Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op [www.hervormer.co.za/cancel.html](http://www.hervormer.co.za/cancel.html)

**Ds Willem Sauer, Groot Marico**



# BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

## Beroep ontvang

- **Ds Wynand Rademeyer** (beroepafwagtend) na Vivo (deelsorg)

## Beroep aanvaar

- **Ds Innes Benadé** (beroepafwagtend) na Outeniqua (deelyds)
- **Ds Wynand Rademeyer** (beroepafwagtend) na Vivo (deelsorg)

## Beroep bedank

- **Ds Colin Hertzog** van Middelburg-Noord na Welgelegen-Pietersburg

## Vakante standplase

- Die gemeentes **Joachim Prinsloo en Ruskoppies** in die omgewing van Thabazimbi-bosveld het 'n kombinasie-ooreenkoms aangegaan en so 'n **volledig versorgde standplaas** geskep. Die predikantsegpaar sal in die rustige dorpie Dwaalboom woon. Twee oggendedienste by die onderskeie gemeentes vind Sondae plaas. Die gemeentes bestaan grootliks uit dorpswyke, maar daar is ook verskeie plaaswyke. Die platinummyne en PPC verskaf werk in die omgewing. Daar is groot groeipotensiaal indien met ywer gewerk word. Belangstellende getroude predikante met minstens drie jaar ondervinding (ook eegpare wat albei predikante is) kan **voor 10 Oktober** met 'n CV aansoek doen by **PoenaS@amplats.co.za**. Kontak Poena Siemens ook by faksnommers 086 632 2161 of 086 554 4728, of na 14:00 by selnommer 073 701 1737 vir meer inligting.
- Met ingang van 1 Oktober 2009 is die **volsorgstandplaas** van **Gemeente Johannesburg** vakant. Predikante word genooi om 'n CV in te dien **voor 17 Oktober** vir 'n deelydse beroep. Dit moet 'n kort motivering van die aansoeker se persoonlike visie en vaardighede insluit. Die kerkraad sal met die aansoekers onderhoude voer, en daar kan van kandidate 'n proefpreek verwag word. Kontak Stienie Wheeler by 082 936 0376 of **Wheelercw@sabc.co.za**.

## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- Dit gaan steeds beter met **prof Theuns Dreyer**. Hy het die afgelope week weer sy opwagting op kantoor gemaak en ook klaspreke beoordeel. Dit sal egter goed wees as hy nog geleentheid gegee word om verder aan te sterk, en lidmate en ampsdraers word versoek om hom nie met probleme en afsprake te oorval nie.
- Die skriba van Gemeente Phalaborwa, **ouderling Johan le Roux**, is op 17 September aan hartversaking oorlede. Hy was 55 jaar oud. Oudl Le Roux was die broer van ds Chris le Roux van Stellenbosch/Worcester en was bekend in die omgewing. Hy was ook verskeie termyne lank lid van die Ringskommissie van Laeveld.
- **Ds Milankie van der Walt** word op Sondag 11 Oktober deur Gemeente Namib-Suid ontvang. Sy word deur haar eggenoot, ds Barnie van der Walt, in haar standplaas bevestig, en lewer daarna haar intrepreek.
- **Ds en mev Wynand Rademeyer** is op Sondag 4 Oktober deur Gemeente Vivo ontvang. Ds Rademeyer is in sy standplaas bevestig en het daarna sy intrepreek gelewer. Hy was etlike jare beroepafwagtend nadat hy van sy vorige standplaas, Springs, losgemaak is, maar was deurentyd by gemeentes betrokke met prediking en ander take. Hy word 'n geseënde werkyd toegebied in Gemeente Vivo, wat met Dendron saamgesmelt het.
- **Ds Johann Marnewick** is op Sondag 4 Oktober deur Gemeente Johannesburg-Wes ontvang. Hy was voorheen die predikant van Gemeente Johannesburg. Na sy bevestiging in sy standplaas het ds Marnewick sy intrepreek gelewer. Die standplaas bied gedeeltelike versorging, maar die kerkraad en gemeente is vol moed dat hulle met toegewyde werk binnekort volledige versorging aan ds Marnewick sal kan bied.
- **Ds Peet Swanepoel** van Gemeente Derdepoort besoek oor die naweek van 10 en 11 Oktober die lidmate in Bulawayo. Kos- en medikasievoorrade word saamgeneem en lidmate besoek, en Sondag word 'n erediens gehou.



- **Ds Eksteen Botes** van Gemeente Nelspruit het op Dinsdag 6 Oktober na **Paraguay** vertrek vir die jaarlikse besoek aan lidmate van die Kerk en ander Afrikaanssprekende kerke. Hy sal gedurende sy drie weke lange verblyf lidmate besoek, kategetiese waarnemings en talle eredienste gedurende die week en op Sondag lei. Hy is reeds geruime tyd met die werk besig en is voorheen bygestaan deur di Colin Hertzog en Hennie van der Linde. Die afgelope paar jaar het dr Gert Malan gehelp – dr Malan hou ook kontak met die lidmate en sorg dat hulle voortdurend Bybelstudiemateriaal ontvang. Die lidmate in Paraguay het groot waardering vir die jaarlikse besoek.

Sommige gemeentes in Suid-Afrika neem deurentyd **eredienste op CD's** op om saam te stuur; die gemeentes Bloemfontein-Wes, Witfontein, Verwoerdburg, Rustenburg-Oos en Groot Marico help onder meer daarmee. Die lidmate in Paraguay kom op Sondag byeen by 'n huis en luister gewoonlik na twee preke. Afskrifte van die CD's word ook aan lidmate in **Zimbabwe, Zambië en Namibië** voorsien. In Desember vanjaar sal mev Wilma Jacobs afskrifte van die CD's kom haal om na Afrikaanssprekende lidmate in **Saedi-Arabië** te neem.

- **Die volgende predikante verjaar van 9 tot 16 Oktober**, en word hartlik geluk gewens:
  - Vrydag 9 Oktober: Dr Wim Dreyer en ds Sakkie Meyer
  - Sondag 11 Oktober: Ds Hennie Breedt
  - Maandag 12 Oktober: Di Gert Macdonald, Barrie Oberholzer en Milankie van der Walt
  - Dinsdag 13 Oktober: Di Andries Alberts en Elmien Oosthuizen
  - Woensdag 14 Oktober: Dr Adriaan Neele
  - Vrydag 16 Oktober: Ds Sonia van Wyk
- In die vorige uitgawe van die *e-Hervormer* is verkeerdlik melding gemaak van **Amanzimtoti** as die afgestigte gedeelte van Gemeente Durban-Suid. So 'n afstigting het nie plaasgevind nie, en dr Fanie Pretorius maak verskoning vir sy foutiewe afleiding.
- Neem asseblief kennis van die e-posadres van **Gemeente Bloemhof**. Dit is [hervbhf@lantic.net](mailto:hervbhf@lantic.net). Bring dit gerus aan op bladsy 88 van die *Almanak*.
- **Gemeente Montana-Oos** hou gereeld **gesprekke** oor interessante aktuele sake. Hulle nooi alle lidmate om deel te neem daaraan. Op **Woensdag 28 Oktober** om 19:00 sal prof CD Potgieter 'n gesprek inlei met die tema *Skepping, evolusie – geloof, stamselle. Wat op dees aarde kon gebeur het?* Dit vind plaas in die kerkgebou van Montana-Oos. Skakel dr Johan Steenkamp by 072 275 2352 of Susan Schoonbee by 082 411 5464 vir padaanwysings en meer inligting.
- Die *e-Hervormer* word tans versprei aan 1 946 e-posadresse. Stuur asseblief vir ons na [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za) die adresse van lidmate en ander belangstellendes wat graag die gratis weeklikse nuusbrieffie wil ontvang.

## Verjaardagvierings en spesiale eredienste

- **Gemeente Kaapstad** bied op **Sondag 11 Oktober** om 09:00 'n **Nederlandse erediens** aan te ME Rothmanstraat 29, Parow-Noord. Die diens word gelei deur ds Cees Jongeleen. Kontak ds Kathleen Smith by 021 551 5264 of 084 792 2715 vir meer inligting.
- **Gemeente Noordelike Pretoria vier vanjaar hul 75ste bestaansjaar**. Hulle hou **gemeentefees** van **Vrydag 16 tot Sondag 18 Oktober**, en wil ook 'n **gedenkalbum** uitgee. Kontak ds André Strauss by 012 335 9208, 082 710 2539 of [anly58@gmail.com](mailto:anly58@gmail.com).
- **Gemeente Petrusburg** hou op **Saterdag 14 November** 'n **kuierdag** vir alle oudpredikante en oudlidmate. Op **Sondag 15 November** hou hulle 'n **hoeksteenlegging**. Kontak Leanie van der Merwe by 082 859 7739 vir meer inligting.

## Konserte en damesbyeenkomste

- Die **NHSV van Gemeente Wonderboompoort** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 10:00 'n Lente-tee ten bate van barmhartigheid aan met die 5 Bellas, Isabel Retief en haar 4 dogters Katrien (16), Magdalena (14), Cornelia (12) en Christina (10). Saam met hulle tree die voordragkunstenaar Cobie Swart op. Die koste is R50 per persoon. Kontak Janeke de Bruin by 072 620 4060.
- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 10 Oktober** om 14:00 'n **damestee** aan in die kerksaal, hv Steven Masango- en Mc Donaldstraat, Belfast. Die tema is *Almal dra 'n hoed!* Die koste is R60 per persoon, en vir bejaardes R30 per persoon. Skakel 013 253 1601 vir meer besonderhede.



- **Glam Guru** (Hannon Bothma en span) kom kuier by die **NHSV Villiers** op **Woensdag 14 Oktober** om 18:30. Kaartjies kos R100 per persoon. Daar sal ook 'n gelukkige trekking wees. Kontak Helen du Preez by 082 417 5188 vir meer inligting of kaartjies.
- **Gemeente Noordrand** hou op **Saterdag 17 Oktober konsert met Nianell en 'n kaas-en-wyn-ete** in die kerksaal. Die koste is R150 per persoon. Vir besonderhede en besprekings, skakel Anette Coetzee by 084 500 3989 of 011 958 1054, of Trudie Rees by 082 456 6975.
- Die **NHSV van Gemeente Premiermyn** in Cullinan hou op **Saterdag 17 Oktober** om 10:00 'n **Damestee** in die kerksaal met **Saphira** (Janetta Kannenberg) as spreker. Die tema is *Vrouwees*. Die toegang is R60 en 'n ontwerpershoed (jou eie ontwerp). Skakel Annetjie by 082 921 8200.
- Bederf jouself, bederf jou familie en vriende met **Gemeente Philadelphia** se **Oujaarskouspel** op **Donderdag 26 November!** Kom sit agteroor in die Aula en geniet die musiek van bekende kunstenaars soos Jak de Priester, Charl du Plessis, Mauri Mostert, Vivere, Music Affair, Henry van Dyk en Steve van Deventer. Daar sal ook 'n Elvis-verrassing wees. Hierdie is 'n aand gevul met oorspronklike musiek, en musiek van wêreldberoemde sterre soos Josh Groban, Neil Diamond, Shirley Bassey, Celine Dion, Edith Piaf en Queen. Dis ook die ideale geleentheid vir 'n kantoorafskeidsfunksie, of maak dit jou verjaardag- of Kersgeskenk vir familie of vriende. Kaartjiepryse wissel van R80 tot R160. Kontak Carina Jonker by 072 212 3202 of Sussa van Staden by 082 789 8771.

## Kampe en toere

- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **9 tot 11 Oktober** 'n **Ma-en-dogter-kamp** aan by Mopani Lodge. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by 012 546 8686, 083 260 0983 of [bevolo@arestan.co.za](mailto:bevolo@arestan.co.za).
- **Gemeente Hartebeeshoek** bied van **Vrydag 30 Oktober tot Sondag 1 November** 'n **skoolverwisselingskamp** aan by Warthog Inn. Die koste is R360 per kind. Kontak ds Janine Bevolo-Manders by [bevolo@arestan.co.za](mailto:bevolo@arestan.co.za), 012 546 8686 of 083 260 0983.
- **Aandag alle matrieks.** Die Hervormde Kerk bied weer 'n **X-matriek-wegbreek** aan, van **7 tot 12 Desember**, by Mount Joy Lodge naby Margate. Die koste is R1 900 per persoon. **Di Thomas Dreyer** (082 552 9394) en **Petri van Rooyen** (083 662 2804) vergesel die groep. Slegs 25 x-matrieks kan geakkommodeer word. Bespreek by Danie van der Merwe by 082 334 6469 of 012 661 8544, per faks by 086 541 0927, of per e-pos by [dtpromotions@telkomsa.net](mailto:dtpromotions@telkomsa.net).
- Dit is weer tyd om die **Eerstejaarskamp** vir ons nuwe studente in Stellenbosch te reël. Alle voornemende (en senior) Maties word uitgenooi om die kamp by te woon, net voor die begin van die universiteitsjaar. Die kamp vind plaas van **Saterdag 9 tot Woensdag 13 Januarie** en belooft om groot pret te wees. Terselfdertyd sal dit ook vormend wees met die oog op die jaar en die nuwe omstandighede wat voorlê, asook 'n geleentheid om mede-Hervormers en die kampus te leer ken en vriende te maak. Stuur asseblief jul kontakbesonderhede na ds Chris le Roux by 082 905 0818 of 021 887 2685, of per e-pos na [stellenbosch@nhk.co.za](mailto:stellenbosch@nhk.co.za). Hulle kan nie uitnodigings stuur as hulle nie weet wie daar kom studeer nie. Help dus asseblief!
- Daar is nog plekke beskikbaar vir die toer wat **onder leiding van ds André Ungerer** na die **2010 Passiespel** onderneem word. Die vertrekdatum is 8 Junie 2010. Kontak ds Ungerer of sy vrou, Esbé, by 018 468 5127, 082 940 8201 of [nhrngzpg@mweb.co.za](mailto:nhrngzpg@mweb.co.za).
- Nog 'n **pelgrimstoer** vir Christene na Oberammergau en Israel via Switserland vind van 28 Mei tot 8 Junie 2010 plaas. Die toerleier is **dr Hennie Botes**. Kontak dr Botes by 014 743 0209 of [hjbotes@worldonline.co.za](mailto:hjbotes@worldonline.co.za).

## Sportbyeenkomste en -kompetisies

- **Gemeente Weltevreden** hou op **Dinsdag 13 Oktober** vanjaar sy 9de Jaarlikse Wilde Weste **Gholffuitdaging** by Eagle Canyon aan die Wes-Rand. Kontak Tinus de Wet by 082 774 7013 of Izane Cloete-Hamilton by 082 320 6168.
- **Gemeente Waterberg** in Nylstroom hou 'n **gholfdag** by Koro Creek Gholffklub op **Saterdag 24 Oktober**. Vir meer inligting, skakel Ina Lategan tussen 08:00 en 13:00 by 014 717 3355, of James van Zyl by 014 717 2244. Groot pryse is op die spel!
- **Gemeente Belfast** bied op **Saterdag 31 Oktober** 'n **gholfdag** aan. Dit is 'n IPS-kompetisie en die inskrywingsgeld is R150 per persoon. Dit sluit middagetes, 'n ete vir die joggie en aandete in. Die spelers se gesinne kan die aandete saam bywoon – dui asseblief net vooraf die hoeveelhede aan. Die koste van die ete is R20 per volwassene en R10 per laerskoolkind. Skakel Christelle by 083 737 4930 of die gholffklub by 013 253 0981 vir meer inligting.





- **Gemeente Witbank** bied 'n **Oewer- en Boothengelkompetisie** aan op **Saterdag 7 November** by Forever Resorts Loskopdam. Kontak ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030, Christo by 082 254 3296, of Peet by 083 228 3365.

## Ander kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Naboomspruit** hou 'n **osbraai** op **Saterdag 10 Oktober** om 18:00 by die Naboomspruitse feesterrein. Kontak Lena by 014 743 1325.
- **Gemeente Piet Potgieter** in Potgietersrus (Mokopane) bied 'n **somerjaggeleentheid** aan by 'n uitsoekjagplaas. Daar is verblyf beskikbaar vir 6 in Tumuga Hunting se jagkamp. Die eerste prys is 'n waterbok en twee rooibokke, en die tweede prys is 'n koedoekoei of wildebeeskoei en 'n rooibok. Die vleis word verkoel en gratis verwerk. Kaartjies is teen R50 beskikbaar by 082 821 6873 of 015 491 6313. Die wenner word op **14 November** aangewys tydens die gemeente se Kersmark.
- **Gemeente Springs-Oos** bied 'n **feesreeks messe** aan om saam te val met die gemeente se **50ste verjaardag**, en om fondse in te samel vir die bou van 'n ouetehuis. Kontak ds Pierre Roets by 083 274 2657, Marietta Perkins by 084 212 2186, of Valerie Benadie by 082 852 5526 vir meer inligting, pryse en om te bestel.
- Gemeentes kan groot geld verdien deur aan gemeentes **Hartbeesfontein en Gerdau** se **Wen-'n-boerdery-kompetisie** deel te neem. Die trekking is eers op **8 Mei 2010**. Kontak Jaco Labuschagne by 083 779 7954 of die kolporteur by **kolporteur.nhk@gmail.com** vir meer inligting of bestellings.
- Lus vir 'n bekostigbare vakansie in die Kaap? **Gemeente Stellenbosch** bied gerieflike **woonstelle**, toegerus vir 4 persone (en een groot woonstel vir 6 persone) in 'n stil deel van Stellenbosch, in die hartjie van die Boland. Veilige parkering, beddegoed en breekgoed word verskaf. Stellenbosch is sentraal geleë vir besoeke aan die wynplase van die Boland, en besoeke aan Kaapstad en die Skiereiland sowel as die Strand. Dit is ook naby genoeg vir daguitstappies na die Weskus en Hermanus. Die koste is slegs R330 per nag (R400 vir die groter woonstel). Daar is selfs enkele klein woonstelletjies met slaapplek vir twee, vir slegs R200 per nag, hoewel dit baie klein is. Kontak die gemeente op Dinsdae- en Donderdae-oggende by 021 886 6209, of andersins by 082 905 0818.

## Basaars en markte

- Die **NHSV Kaapstad** bied op **Saterdag 31 Oktober van 09:00 af** 'n **Kersmark** aan. Kontak Hettie Smith by 021 930 7927 vir meer inligting.
- **Gemeente Bloemhof** hou op **Saterdag 31 Oktober** van 09:00 af **basaar** op hul kerkterrein. Daar sal verskeie stalletjies wees met braaivleis, rou vleis, pannekoeke, koeke, ensovoorts. Op **Saterdag 5 Desember** hou hulle **Kersmark** met verskeie uitstallers. Kontak Helen Herholdt by 053 433 1222 of 079 377 5008.
- **Gemeente Kruin** bied op **Saterdag 31 Oktober** hul jaarlikse **karnaval** aan. Daar sal onder meer 'n vendusie en 'n potjiekoskompetisie wees. Kom luister na die Monument-boereorkester met Bosveld Stereo as DJ. Kontak die gemeentelike kerkkantoor by **nhkkruin@gmail.com**.
- Op **Saterdag 7 November** hou **Gemeente Waterberg** 'n **Kersmark**. Vir meer inligting, skakel die gemeentelike kerkkantoor by 014 717 3355.
- **Gemeente Magaliesmoot** hou van **2 tot 5 Desember** 'n **Kersmark**. Belangstellendes kan hul eie produkte daar kom uitstal of verkoop. Kontak Elma by 082 954 7955 vir keuring.

## ANDER NUUS

- Die **Kommissie van die Algemene Kerkvergadering (AKV)** kom op Donderdag 5 November in 'n **buitengewone vergadering** byeen. Die Kommissie se gewone vergadering vind plaas op Donderdag 12 en Vrydag 13 November. Dit sal waarskynlik die laaste vergaderings vir 2009 wees. Die Moderamen hou sy laaste gewone vergadering van 2009 op Donderdag 22 Oktober.
- Die **Raad vir Regsadvies** vergader vir die laaste keer vanjaar op Maandag 12 Oktober. Die Raad sal egter op Donderdag 12 November op uitnodiging met die Kommissie van die AKV in gesprek tree oor voorgestelde wysigings aan die Kerkorde.
- Die Administrateur, **mnr Kobus Viljoen**, is met **verlof** tot 13 Oktober. Navrae kan in sy afwesigheid gerig word aan dr Fanie Pretorius of mnr Elmar Struwig.



- Die *Foundation for the Promoting of Reformed Missiology and Ecumenics (PROMISE)* bied op **Dinsdag 27 en Woensdag 28 Oktober 'n konferensie** aan oor **sending en genesing in Afrika**. Dit vind plaas in die Raadsaal van die Dirk van der Hoffgebou in Jacob Maréstraat, Pretoria. Laat weet prof Natie van Wyk so gou moontlik of u teenwoordig kan wees. Kontak hom by 012 322 8885 x249 of [aim1@mweb.co.za](mailto:aim1@mweb.co.za).
- Die **to care foundation** het nog plekke beskikbaar vir die **Placécol**-bederfdag op **Saterdag 17 Oktober**. Vir slegs R150 ontvang jy 'n gesigbehandeling, rug- en nekmassering asook 'n manikuur in 'n sessie van 'n uur en 'n half. Die sessies is van 08:30 tot 10:00; 10:30 tot 12:00; 12:30 tot 14:00. Kontak Linda by [linda@tocare.co.za](mailto:linda@tocare.co.za) of 012 322 8885 x205 om plek te bespreek.
- **to care** benodig die volgende **items** vir die dagsorgsentrums in Makapaanstad, en elke bietjie help!
  - Ou tydskrifte – enige onderwerp
  - Gebruikte A4-papier waarvan een kant nog bruikbaar is vir teken en verf, of rekenaarpapier
  - Enige plastiekhouders (met of sonder deksels), byvoorbeeld leë botterbakkies, fetakaashouders, roomysbakke, ou Tupperware-bakkies, ensovoorts
  - Potte, panne, ou skinkborde – enigiets!
  - Die items kan na die kantoor van Linda Fatcher gebring word, by die Sinodale Kerkkantoor in Jacob Maréstraat, Pretoria. Dit sal uitgedeel word by 28 verskillende sentrums.
- In die berig *'n Tydige waarskuwing* in die vorige uitgawe van die *e-Hervormer* het 'n fout ingesluit by die besonderhede van instansies waar om hulp aangeklop kan word. Ons plaas dus weer die inligting:
  - Suid-Afrikaanse Depressie- en Angsstoornisgroep (SADAG)  
0800 567 567 of 0800 205 026 of 011 262 6396 (kantoor)  
Hul Ondersteuningsgroep:  
0800 205 121
  - Die Ondersteuningsraad  
012 322 8885 (hoofkantoor)
  - Childline  
08000 55555
  - Lifeline  
0861 322 322
- Persone wat in enige van die Kerk se kinderhuise of pleeghuise gewoon het, word versoek om in verbinding te tree met Daleen van Rensburg by 082 496 4894 of [deehendrickx@yahoo.com](mailto:deehendrickx@yahoo.com), of William (Jim) Bekker by 087 805 8625 of [jim.bekker@mweb.co.za](mailto:jim.bekker@mweb.co.za). Hulle wil weer 'n reünie reël en het 'n opgedateerde kontaklys nodig. Indien iemand oor so 'n lys (verkieslik elektronies) beskik, kan dit aangestuur word. Hulle benodig die volgende besonderhede: naam, van (nooiensvan), telefoonnommer, adres, e-posadres, en aantal jare woonagtig in die kinder- of pleeghuis. Daar is ook 'n groep op Facebook, Krugersdorp Kinderhuis, waarby aangesluit kan word. Die webblad wat geskep is, is <http://krugersdorpkinders.weebly.com>. Gaan lees gerus die verskillende herinnerings!
- Op **Saterdag 10 Oktober (Heldedag)** om 09:00 vind 'n kranslegging plaas by die graf van oudpresident Paul Kruger en ander persone in die Heldeakker, Kerkstraat-Wes, Pretoria. Om 10:30 sal daar 'n kerkdiens wees in die historiese Paul Krugerkerk (Gereformeerde Kerk Pretoria), hv Potgieter- en Kerkstraat, om Heldedag te vier. Die dag het voorheen as Krugerdag bekendgestaan.
- Die jaarlikse **kranslegging** ter nagedagtenis van die meer as 1 000 kinders wat tydens die Anglo-Boereoorlog in die Irene-konsentrasiekamp gesterf het, vind op **Sondag 11 Oktober** om 05:30 plaas by die Irene-konsentrasiekampkerkhof. Die ingang is in Stopfordstraat, Irene. Vir meer inligting, skakel 012 344 2463.
- Ondersteun **Beeld-Kinderfonds!** Maak 'n donasie van R20 en staan 'n kans om 'n Peugeot 107 te wen! SMS: PEUGEOT na 40021. Die kompetisie word geborg deur Peugeot Motors SA en RSG 100-104fm. Wen ook 'n **bonusprys** deur **voor 15 Oktober** in te skryf. Een gelukkige deelnemer aan die kompetisie kan 'n naweek ter waarde van R5 000 vir 4 persone wen by Sun International Legogo Sun se Royal Swazi Spa Valley Resort in Swaziland. Die prys sluit in 2 nagte se akkommodasie in 'n familie-eenheid, met ontbyt vir 4 persone. Kaartjieverkope vir die kompetisie sluit op 7 November en SMS-inskrywings om middernag op 11 November. **Die trekking vind plaas op 12 November**. Neem só deel:
  - SMS die woord PEUGEOT na 40021 teen R20 per SMS.
  - Koop kaartjies teen R20 elk: Betaal direk in Beeld-Kinderfonds se rekening by ABSA, nr 4050654867, en faks jou bewys na 011 976 2277. Sluit jou kontaknummers en posadres in – kaartjies sal gepos word.
  - Bestel en betaal per kredietkaart. Skakel 011 976 2273.
  - Stuur 'n tjek na Posbus 9726, Edleen 1625 saam met jou naam, telefoonnommer en posadres – kaartjies sal gepos word.



## Belangrike vergaderings

- Betrokkes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.
  - Maandag 12 Oktober: Redaksie van *Konteks*; Raad vir Regsadvies
  - Woensdag 14 Oktober: Raad vir Gesinsorg
  - Donderdag 15 Oktober: Raad vir Pastoraat en Presbiteraat; Redaksie van *Die Hervormer*

## ADVERTENSIES

- **Vakansieverhuring:** Huis met praguistig in **Heroldsbaai** te huur van 12 Oktober tot 20 Desember 2009 en van 11 Januarie 2010: 3 slaapkamers, 2 badkamers, binnebraaioplek, groot stoep, ontspanningsarea, waskamer en enkelgarage. Slaap 6 tot 8 persone. Die huis is in 'n sekuriteitskompleks geleë. Verhuringstydperk is 'n minimum van 7 dae. Die tarief is R900 per nag, elektrisiteit uitgesluit (koopkrag). 'n Deposito is betaalbaar. Duvets en kussings word voorsien, maar die huurder moet eie linne en handdoeke saambring. Foto's is op aanvraag beskikbaar. Kontak M van Deventer by 012 348 5514 of per e-pos by [interword@icon.co.za](mailto:interword@icon.co.za).
- **Tuinwoningstel te huur:** Rietondale Pretoria (rustige woongebied direk noord van die Uniegebou met 'n lae misdaadrekord). SLEGS vir 'n ENKELPERSOON werknemer of student wat die omgewing se rustigheid kan waardeer en handhaaf. Digby universiteite, Brooklyn, Middestad. Netjies en privaat. Groot vertrekke – slaapkamer, badkamer, kombuis, L-vormige sit/etkamer, voorstoep en agterstoep met privaattuintjie. R2 800 per maand (water en ligte ingesluit); deposito R2 800. Okkupasie is onderhandelbaar, maar moet nie later wees nie as 1 Januarie 2010. Veilige onderdakparkering. Geen troeteldiere. Meer besonderhede by Jan Oberholzer by [jan@nhk.co.za](mailto:jan@nhk.co.za) of 082 851 1081 alle ure.

## AGTERBLAD

### SENTIK-publikasies 2010

**Konteks: R120 per jaar**  
(10 uitgawes)

**Die Hervormer: R80 per jaar**  
(11 uitgawes)

**Almanak en Bybelse Dagboek:**  
R100 per eksemplaar

*Bestellings vir 2010 kan nou geplaas word.*

Dis vir my       Dis 'n geskenk van \_\_\_\_\_

Naam en van: \_\_\_\_\_

Afleweringadres: \_\_\_\_\_

\_\_\_\_\_ Poskode \_\_\_\_\_

Kontaknommer: \_\_\_\_\_

ID-nommer: \_\_\_\_\_

#### **Betaling:**

Tjek ingesluit (uitgemaak aan Raad van Finansies)

Deposito/elektroniese oorplasing  
(ABSA. Tjekrekening. Reknr: 020-000-287. Takkode: 632-005.)

**Faks 'n bewys van betaling saam met jou vorm aan mev Susann van Zyl by 012 322 7906.**

Vir meer inligting en hernuwing van bestaande intekening, kontak mev Susann van Zyl by:

• Tel: 012 322 8885 x291 • Faks: 012 322 7906 • E-pos: [sentik@nhk.co.za](mailto:sentik@nhk.co.za)

Ons droom is  
dat alle mense  
in Jesus Christus sal glo  
as hoop vir die wêreld

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque  
Subredakteur: Ds André Ungerer  
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius  
Teksvorsorger: Mev Tessa Oppermann  
Uitlegkunsenaar: Mej Izelle Marx